

## ‘Triomf’ vertaaltriomf vir De Kock

---

Jo Nel

---

***Triomf*** deur **Marlene van Niekerk**  
(in Engels vertaal deur **Leon de Kock**).  
Jonathan Ball en Queillierie  
(sagteband 474 pp.) R129,95.  
ISBN 1-86842-069-8

Een van die verstommende aspekte van ons multikulturele, veeltalige land is hoe hierdie verrykende fenomene – verskillende tale, verskillende kulture – met minagting gehanteer word. Dalk is dit ons geskiedenis wat op miskennings gevestig is en deurspek is met verbysterende stommitteite oor die vreemde en die vreemdeling in ons midde.

Terwyl daar ’n sekere deernis ontwikkel het vir die Britse cockney, is die wel en wee van die Vrededorpers en ander soos hulle gewoonlik ’n teiken vir spot en hoon. Gewoonlik is dit omdat hierdie mense sosiaal gedistansieerd is en as mense onbekend. Wat *Pygmalion* van George Bernard Shaw vir die Britse laer sosiale klasse gedoen het, kan *Triomf* moontlik vir Suid-Afrika s’n doen.

*Triomf* deur Marlene van Niekerk, vertaal in Engels deur Leon de Kock, is inderdaad ’n triomf vir die vertaler as skeppende kunstenaar, as mede-outeur van die nuwe werk. (Daar is diegene in ons samelewing wat hierdie standpunt nie wil of kan insien nie. Die luidkeelse gesanik is: “Maar dis my werk, my idees en jy wil net op my rug ry vir eie gewin.”)

Dat die skrywer van hierdie roman beskikbaar was om met die vertaling te help, om dele self te vertaal, en om aan die vertaler raad te gee, verleen natuurlik ’n ekstra dinamiek wat die roman meer outentiek vestig as onafhanklike werk.

Om bloot van ’n vertaling te praat, is om dié *Triomf* se plek as selfstandige werk in ons letterkunde te ontken. De Kock se prosa is ’n her-siening, ’n her-skepping van die mense wat dié gebied bewoon, en is ’n uitnodiging om mee te doen aan die herbou van die land in ons steeds wordende geskiedenis.

Dit dien ook genoem te word dat die roman ’n swetterjoel mense sal koud laat omdat mense nie eintlik van politiek korrektheid hier kan praat nie. Die skool of skole wat Herman Charles Bosman se *Unto Dust* verbied op grond van die gebruik van ’n bepaalde woord, moet liefs *Triomf* vermy.

Trouens, die gebruik van die gewraakte woord is só volop, dat dit irriterend raak, en die vraag kan dan gestel word: is dit werklik nodig?

Die antwoord is dat dit onvermydelik is – omdat ’n spesifieke sosiale stand in ons samelewing nie anders kan nie as om op hierdie manier na mense te verwys, aangesien hulle deur die dooie gewig van hul tradisie(s) gevorm is, soos Michael Chapman dit stel.

Die trefkrag van die vertaling lê ook daarin dat dit die verhouding tussen die mens en sy omgewing ondersoek, waar die omgewing uit talle faktore bestaan, soos ander mense, ander mense se geskiedenis en gebruikswyses, die eie verlede, die sosiale konteks, en die mens se sin van plek.

’n Mens sou kon argumenteer dat dieselfde waar is van die oorspronklike teks, maar hier word die gewaarwording oorgedra deur die linguistiese kenmerke van die voorstadbewoners se taal, wat die vertaler treffend en juis raakvat.

Die invloed wat Afrikaans op hierdie mense se gebruik van Engels uitoefen, is ’n voorbeeld. “Me and you” is ’n aanvaarde uitdrukking, en sekere uitsprake word vervorm soos “right” wat “raait” word; uitdrukkings word vertaal soos “You shouldn’t make fun of illness” terwyl ander uitdrukkings ook bydra tot die egtheid van die roman – “finish en klaar”, “They’re full of sights”, “Ja-nee”, “jirre” en Gôts”, en die moeilik vertaalbare gebruik van “mos” en “maar”.

Dit is jammer dat die eiesoortige taalgebruik, wat deurspek is met Afrikaans, nie vir die buitelandse uitgawe, wat later vanjaar verskyn, gebruik kan word nie omdat juis dit die roman binne die Suid-Afrikaanse konteks setel.

[jonel@lantic.co.za](mailto:jonel@lantic.co.za)

•Jo Nel is medeprofessor in Engels, Universiteit van die Noorde.